# Die Regina Cæli

## Koningin van die Hemel

Word tradisioneel gedurende die Paastyd gebid

*V/* Koningin van die hemel, verheug u! Halleluja!

*R/* Want Hy, wat u waardig was om te dra, halleluja!

*V/* Het opgestaan soos Hy gesê het, halleluja!

*R/* Bid vir ons tot God, halleluja!

*V/* Verheug u en verbly u, Maagd Maria, halleluja!

*R/* Want die Here het waarlik opgestaan, halleluja!

Laat ons bid:

God, U wat dit nodig geag het
om die wêreld te verbly
deur die opstanding van u Seun, onse Here Jesus Christus,
ons smeek U:
Laat ons deur sy Moeder, die Maagd Maria,
die vreugde van die ewige lewe verkry.

Deur [dieselfde] Christus, onse Here. Amen.

© Die Oratorium Uitgewery | Amptelike goedgekeurde teks | Teks in hakkies [ ] mag weggelaat word